024-594-NPO

President : Johan Roos
Posbus 9339, Newcastle 2956
072-621 8129
johanroos53@gmail.com
Admin – kantoor
President Swartstraat 5, Bethlehem 9701
082 336 2353
rrb.admin@mweb.co.za
www.rapportryers.org.za
Bakkiesblad:rapportryerbeweging/RRB

KNAPSAK 34

Februarie 2020

Geagte Rapportryers en vriende

INLEIDING

Reëlings vir die Landsberaad verloop klopdisselboom en alles dui daarop dat hierdie mylpaal-jaar weer 'n besondere hoogtepunt in die anale van die Rapportryerbeweging gaan wees! Ons probeer ons bes om al 17 korpse daar verteenwoordig te kry. Dan kan ons eendragtig die sewentigste bestaansjaar vier en werk aan die pad vorentoe!

LANDSBERAAD 2020

Hierdie Knapsak word hoofsaaklik daaraan gewy om korpse in te lig oor besluite wat geneem moet word en om ruim geleentheid te bied vir korpse om hul afgevaardigdes te bemagtig vir besluitneming.

Voorgestelde grondwetwysiging

Grondwetwysiging voorgestel deur die Rapportryerraad:

Die Landsberaad keur goed dat die Grondwet van die RRB soos volg gewysig word:

Bestaande klousule 9.3.1.:

"Die Landsberaad vergader elke tweede jaar, maar nie later as November nie."

Voorgestelde gewysigde klousule 9.3.1.:

"Die Landsberaad vergader elke derde jaar, maar nie later as November nie."

Johan Roos (President) **Danie Odendaal** (Vise-President)
Christo Roets (Gauteng/Mpumalanga) **Jaun de Heer** (Natal) **David Fensham** (Noordwes/Limpopo)
Neil Schreuder (Oos-Kaap) **Werner Visagie** (Wes-Kaap)
Danie Eichstädt (Sekretariaat)

In vennootskap met die FAK

Motivering

1. Die bestaande siklus van 2 jaar vir die hou van die Landsberaad, as hoogste besluitnemende gesag van die RRB, plaas toenemende finansiële druk op korpse wat dit aanbied. Hierdie jaar se Landsberaadkoste beloop ongeveer R60 000 waarvan die RRB slegs R40 000 kan bydra. Korpse moet noodgedwonge self afgevaardigdes se beraadfooie, reis- en verblyfkoste dra.
2. Indien die RRB voortgaan om jaarliks R20 000 opsy te sit vir die volgende Landsberaad, maak die saamgestelde R60 000 elke drie jaar dit aansienlik makliker vir die aanbiederkorpse en kan die koste vir korpse wat afgevaardigdes stuur moontlik ook verlig word.
3. Provinsies vind dit nogal moeilik om elke jaar ŉ provinsiale beraad te hou. Dit kan nou beperk word tot die twee tussenjare wanneer die Landsberaad nie plaasvind nie terwyl die jaar waarin die Landsberaad plaasvind oorgeslaan kan word.
4. Die voorstel is hoofsaaklik daarop gerig om koste te bespaar terwyl die RRB met sy krimpende ledetal nie meer die luukse van hierdie duur byeenkomste elke twee jaar kan bekostig nie.
5. Die Grondwet maak voldoende voorsiening vir buitengewone Landsberade indien dit nodig sou wees.
6. Dit gaan noodwendig ŉ groter onus plaas op provinsiale voorsitters om provinsiale strukture meer effektief te laat werk en kommunikasie en korps-aktiwiteite op hoë peil te handhaaf.

Beskrywingspunte

Beskrywingspunt deur Bethlehem-korps:

BEMAGTIGING VAN AFRIKANER HOËRSKOOLKINDERS

Voorstel:
Die landsberaad besluit dat ‘n nuwe nasionale projek goedgekeur word vir uitvoering deur korpse, naamlik die

PRO-AFRIKAANSPROJEK VIR HOËRSKOOLLEERDERS

Motivering:

Die Rapportryerbeweging het drie bestaande nasionale projekte:-

1. **Die Nasionale Bybelvasvra vir laerskoolleerders:** Fokus op die bevordering van Bybelkennis by laerskoolkinders.
2. **Die Ouboet-Projek**: Fokus op die bemagtiging van laerskoolkinders wat die teenwoordigheid van ‘n toegewyde vaderfiguur moet ontbeer.
3. **Historiese Gedenkwaardighede**: Fokus op die bewaring en instandhouding van gedenkwaardighede vir die huidige en opvolgende geslagte.

Afrikaans word toenemend vanuit owerheidsweë en met die hulp van sogenaamde “Afrikaners” en selfs met bedenklike uitsprake van die Grondwethof uit hoër onderwysinstelling uitgerangeer. Die verdere gevolg hiervan sal wees dat Afrikaans as onderrigtaal in skole eweneens mettertyd

uitgeskakel sal word om kinders beter voor te berei vir Engelse onderrig op universiteit en elders.

Dit gaan noodwendig die identiteitsbesef van kinders aantas.

Die Junior Rapportryerbeweging het destyds landswyd jeugleierskursusse met ‘n besliste Afrikaner-inslag vir hoërskoolleerders van stapel gestuur met groot sukses. Skole het mettertyd hierdie inisiatief oorgeneem, maar die Afrikaner-identiteit daarvan het egter noodwendig in die slag gebly om verstaanbare redes.
Sedertdien is daar geen nasionale aksie van die Rapportryerbeweging wat spesifiek fokus op jong Afrikaners in hoërskole nie.

Kenmerke van die projek:

1. Deelnemers skryf jaarliks in vir die kompetisie waarin hul bewese prestasies by wyse van ‘n voorlegging volgens bepaalde kriteria beoordeel word. (Voorbeeld van die inskrywingsvorm hierby aangeheg)
2. Deelnemers en leerkragte word nie belas met ekstra werk nie. ‘n Geïdentifiseerde leerkrag help wel om potensiële deelnemers te identifiseer en aan te moedig om in te skryf.
3. Die beoordeling word gedoen aan die hand van die volgende kriteria:
   • Suiwer, verbeeldingryke en skeppende taalgebruik (gebruikstaal, vaktaal, tegniese- en sportterme, ens.)
   • Projekte gerig op die Afrikaanse taal en kultuur (aksieplan en resultate)
   • Invloed op die kleiner en groter groep (positiewe Afrikaanse leierskap)
   • Ambassadeur vir Afrikaans (uitruilstudent, penvriende, Internet, sosiale media, ens.)
   • Geskrewe werk (artikels in die skoolkoerant, briewekolomme, publikasies, ens.)
   • Deelname aan Afrikaanse Ekspo en Afrikaanse Olimpiade
   • Deelname aan debat- en redenaarskompetisies in Afrikaans
   • Aktiewe lid van Afrikaner-organisasies (Rapportryers, Voortrekkers, ATKV Jeugtak, Volkspele, Jukskeisport, ens.)
   • Prestasie in Afrikaans as skoolvak
   • Enige ander aktiwiteite wat gerig is op die bevordering van Afrikaans
4. Die kompetisie is verkieslik intern en skole kompeteer nie teen mekaar nie. Korpse kan egter na gelang van omstandighede anders hieroor besluit.
5. Beoordeling word gedoen deur ‘n onafhanklike paneel wat deur die korps saamgestel word. (beoordelingsvorm hierby aangeheg)
6. Wenners word bepaal in vier kategorieë, naamlik:
   Senior Seuns (Gr 10, 11 en 12)
   Senior Dogters
   Junior Seuns (Gr 8 en 9)
   Junior Dogters
7. Elke wenner ontvang:
   • ‘n Sertifikaat (voorbeeld hierby aangeheg)
   • ‘n Skildjie met gepaste inskripsieplaatjie (voorbeeld hierby aangeheg
   • ‘n Kontantprys van R300 (na die oordeel van die korps)
8. Alle deelnemers word deur die korps op ‘n databasis geplaas met die oog op:
   • Skriftelike terugvoer deur die beoordelaars (nie net aan die wenners nie!).
   • Periodieke kommunikasie om hulle te versterk in hul Afrikanerskap, inligting oor die aksies van die RRB en aan te moedig om aan te sluit of enige ander Afrikaner-organisasie daadwerklik te steun.

• Vas te stel waar hulle hul na skool bevind en die betrokke korps in die omgewing daarvan in kennis te stel.

Uitkomste:

1. Deelnemers wat andersins waarskynlik ongemerk sou verbygaan, stel hulleself bekend as passievolle Afrikaners.
2. Erkenning word verleen vir prestasies om Afrikaans te bevorder.
3. Dit kan dien as stimulant om prestasies en taalgebruik (digkuns, skryfkuns, ens.) nog verder te ontwikkel.
4. 'n Identifiseerbare bron word geskep vir potensiële nuwe lede vir die RRB.
5. Dit kan bydra om die groterwordende generasiegaping te laat krimp.

Besprekingspunt deur Rapportryer Carel Grünewald:

Sosiale kommunikasie

Op versoek van die President van die Rapportryerbeweging wens ek hierdie besprekingspunt in te dien. Tydens die Landsberaad te Struwig het dit my opgeval hoe min ons as lede eintlik van mekaar weet en daar nie werklik 'n "corps esprit" onder ons bestaan nie. Onder korpslede wel, maar wyer bloot kennisse.

Ek het toe 'n WhatsApp-groep, **RRB-Familie**, geskep wat ten doel gehad het om 'n bietjie meer kontak tussen lede en families te skep en te deel in mekaar se lief en leed. Die groep was redelik aktief en het redelik byval gevind. Die groep het egter tot niet gegaan toe ek probleme met my slimfoon ondervind het.

Dit dien gemeld te word dat daar vooraf met die President gekonsulteer is en dat hy sy goedkeuring verleen het.

Ek het hierna 'n nuwe groep, **RRB RSA**, met ons dienende lede se besonderhede, asook sommige eggenotes. Die volgende besonderhede is op die databasis geplaas:

• Verjaardae van lid en eggenote, troudatum, ens.

Die basiese inligting is van die databasis van die RRB verkry en korpsbesture het verder gehelp.

Hoofkantoorlede het spontaan reageer en gevraagde inligting verskaf, maar weinig indien enige is van korpsbesture ontvang wat die vraag laat ontstaan hoe die verhouding tussen korpslede en hul geliefdes met betrekking tot die sake van die Beweging is.

Sedert die skep van die **RRB RSA-groep** het baie interessante inligting met betrekking tot die Beweging en sy stoere lede na vore gekom. Verder is erkenning verleen tydens verjaardae, medelye betoon tydens siekte en/of verlies, vreugdes gedeel tydens huweliksherdenkings en geboortes van kinders en kleinkinders.

Ek is van mening dat die groep met vrug aangewend kan word om onderlinge kommunikasie tussen lede en gesinslede te bevorder en daardie lief en leed onder korpslede aan die Beweging bekend te maak om sodoende gedeelde lief en leed te word.

Die trefwydte van die Whats App-groep is so groot dat dit ook met vrug as bemarkingsplatform gebruik kan word byvoorbeeld, my dogter se vriend is ’n veldfiets-fanatikus en woonagtig in Bloubergstrand en ek het Caledon se veldren-foto’s vir hom gestuur.

Ek weet daar is min tyd maar dit sal waardeer word indien lede sal aandui wat hulle verwag die moets en moenies van die groep behoort te wees.

Die groep vervang nie ander bestaande kommunikasie nie maar moet slegs gesien word as ’n sosiale uitbreiding van die deel van inligting wat die Beweging se lede op sosiale vlak raak en beïnvloed.

KORPSNUUS

Ugie/Maclear

Hierdie korps se hoof-fondsinsamelingsprojek is die jaarlikse Kapaailand halfmarathon wat telkens met groot sukses en redelik wye ondersteuning aangebied word.

Rapportryer Dewald Maartens hanteer die prysoorhandigings

Rapportryergroete!

Danie Eichstädt
Sekretaris